# LAERSKOOL MIKRO

Telefoon: 021 –903 2126 | Spruitstraat | Posbus 53
E-pos: info@laerskoolmikro.co.za | Kuilsrivier | Kuilsrivier
Webwerf: www.laerskoolmikro.co.za | 7580 | 7579


*… waar kind nog kind kan wees …*

6/2024

20 Februarie 2024

Geagte Ouers

Onderwerpe wat in hierdie Mikrofokus aangespreek word:

1. Uit die Kantoor
2. Regstelling: Skoolfonds
3. Individuele- en klasfoto's
4. Gesinsnaweek
5. Podiumpret
6. Sport van die week

## 1. UIT DIE KANTOOR

BELANGRIK: Die onderwysdepartement het die regulasies vir die beheerliggaamverkiesing baie laat bekend gemaak. 'n Verandering waarvan ons eers aan die einde van verlede week kennis geneem het, is dat beheerliggaamverkiesings nie voor 14 Maart 2024 mag plaasvind nie. Ons skool se verkiesing van ouers as lede van die beheerliggaam (wat op 7 Maart 2024 sou plaasvind) word dus met 'n week tot **Donderdag, 14 Maart 2024** uitgestel.

'n Verdere verandering in die Wes-Kaap se regulasies is dat geen kworum by die ouerverkiesing benodig word nie. Daar word dus nie 'n minimum aantal ouers benodig vir die verkiesing om voort te gaan nie. ONS MAAK EGTER STEEDS STAAT OP GROOT OUERDEELNAME IN HIERDIE BEHEERLIGGAAMVERKIESING.

Die proses om ouers te nomineer, sluit wel môre, Woensdag, 21 Februarie 2024. Alle genomineerdes is welkom om die nominasieverifikasievergadering op Donderdag, 22 Februarie 2024 om 18:00 by die skool by te woon - dit behoort nie langer as 15 minute te duur nie.

U sal betyds inligting ontvang rakende u registrasie op die Voting Crowd-platform, aangesien ons 'n E-verkiesingsproses op 14 Maart 2024 sal volg. Inligting van genomineerdes sal binnekort op D6 beskikbaar gestel word. Dankie vir u begrip.

Juf Danike Smith (R.3) trou in Maartmaand en sal dan saam met haar man oorsee gaan. Sy het dus bedank en sal aan die einde van hierdie kwartaal klaar maak by Mikro. Ons bedank haar vir 6 jaar se toewyding by die Graad R-afdeling en wens vir haar alle voorspoed toe – daar sal later op 'n gepaste wyse van haar afskeid geneem word.

Weens mnr Henk Wichers se bevordering tot Adjunkhoof by Laerskool Hermanus, sal sy Departementshoofpos vir 'n geruime tyd vakant wees totdat dit permanent gevul word. Mnr Jaco Theron is vanaf 1 April 2024 in dié tydelike pos aangestel en sal hoofsaaklik vir kurrikulumaangeleenthede verantwoordelik wees. Ons wens hom sterkte toe met sy taak.

## 2. REGSTELLING: SKOOLFONDSBYDRAE 2024

LW: Dit het onder ons aandag gekom dat daar `n fout op die amptelike skoolfondsinligtingsbrief van 24 November 2023 was. Die bedrag wat in gelyke paaiemente oor 11 maande afbetaal kan word, is verkeerdelik as R1 745-00 deurgegee. Die korrekte bedrag is egter R1 795-00.

Die korrekte bedrag is reeds in Mikrofokus 34/2023 van 31 Oktober 2023 en weer in Mikrofokus 2/2024 van 23 Januarie 2024 deurgegee.
Ons versoek dat u so gou moontlik, indien u volgens die skoolfondsinligtingsbrief van 2023 betaal het, die uitstaande bedrag sal vereffen om te verhoed dat die uitstaande bedrag as agterstallig op u rekening reflekteer.

Jammer vir die ongerief en dankie vir u samewerking in die verband.

## 3. INDIVIDUELE- en KLASFOTO'S: GR. 2 tot 7- LEERDERS

Op Woensdag, 21 Februarie 2024 word die individuele- en klasfoto's geneem. Alle leerders word in skoolklere (somersdrag) afgeneem. Indien 'n leerder nie die korrekte kleredrag het nie, sal hul ongelukkig nie op die foto's verskyn nie.

## 4. GESINSKAMP: VRYDAG, 8 MAART 2024 en SATERDAG, 9 MAART 2024





**Die hele gesin kamp vanjaar saam op die skoolterrein!!**

Ons is opgewonde om ons heel eerste gesinskamp bekend te stel! Ons tradisionele gesinsbraai het vanjaar 'n prettige "twist".

**U HOEF SLEGS EEN VORM PER GESIN TE VOLTOOI.** Handig dit in by u **oudste kind se klasopvoeder,** saam met die inskrywingsfooi. Kom geniet 'n heerlike saamkuier-aand met u kind(ers) en ons Mikro-familie!

## 5. PODIUMPRET

Podiumpret is 'n opleidingsgeleentheid waar leerders se sprekervaardighede ontwikkel kan word. Leerders kry drie geleenthede om, óf in persoon, óf per video-opname hul item te lewer. Daarna kry hul konstruktiewe terugvoering om sodoende hul item te verbeter. Items sluit o.a lewering van toesprake, voorlesing, poësie en vele meer in. Die kompetisie word beide in Afrikaans en Engels aangebied. Jy kan meer uitvind oor podiumpret op die webwerf www.podiumpret.co.za

Mickey Muller (7.1) is as ambassadeur vir Podiumpret gekies. As u u kind wil inskryf vir enige item, kontak haar gerus per epos by miekiemuller49@gmail.com

## 6. SPORT van die WEEK: 13 FEBRUARIE 2024 tot 16 FEBRUARIE 2024

Dinsdag, 20 Feb:

- o.7- o.9 Atletiek by Aristea (W)

Woensdag, 21 Feb:

- Foto's
  - Klas en Individuele foto's (gr.2 - gr.7). Alle leerders word in skoolklere (somersdrag) geneem.

- Krieketwedstryde:
  - o.11A teen Brackenfell (T)
  - o.11B teen Brackenfell (W)
  - o.11C teen Brackenfell (T)

- Tenniswedstryde:
  - Seuns:
    - o.13A teen Gene Louw (W)
    - o.13B teen Gene Louw(W)
    - o.13C teen Eversdal (W)
    - o.13D teen Gene Louw (T)
    - o.11A teen Gene Louw (W)
    - o.11B teen Gene Louw (W)
    - o.11C teen Brackenfell (W)
  - Dogters:
    - o.13A teen Gene Louw (T)
    - o.13B Gemeng teen Jan van Riebeeck (W)
    - o.11A teen Eversdal (T)
    - o.11B teen Reddam (W)
    - o.11C teen Gene Louw (T)

Donderdag,22 Feb:

- Atletiek: Distrik by Parow (W)

- Krieketwedstryde:
  - o.13B teen Brackenfell (T)
  - o.8 - o.9A en B teen Curro Durbanville (W)

<u>Vrydag, 23 Feb</u>:

- Krieket
  - o.9A by Bellpark (W)

<u>Saterdag, 24 Feb</u>:

- Krieket
  - o.8 A & B en o.9 A & B by Panorama (W)

Voorspoed vir die week.

L. Mouton
SKOOLHOOF

## BAIE DANKIE AAN ONS BORGE.


HMC BUILDING PTY Ltd · AMPLEC · J. O HOME MAINTENANCE · INTELLIGENT POWER SOLUTIONS · POWER PARTNERS CONSULTING · AYESTAD MOTORS · HICKMAN'S KUILSRIVIER
Truck Trailer & Tractor Services · BH AIR BRAKES · IES INDEPENDENT ELECTRICAL SUPPLIER · KING CARS .CO.ZA
BURGESS ATTORNEYS Attorneys & Conveyancers · Lucinda Real Estate 0824157992 · HHWASTE · DIE PALE DEPOT VERSKAFFERS VAN PALE EN RIET · TP INNOVATIVE QUALITY PRODUCTS · PREFERRED AGENT
TOYOTA LEAD THE WAY · NMI TOYOTA KUILSRIVIER · HINO KUILSRIVIER · coolideas FIBRE INTERNET


## FEBRUARIE 2024

| Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag | Sondag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | 1<br>KWSS Inligtingsaand @18:00<br>Nasorg Inligtingsaand @18:30 | 2<br>PRETDAG | 3 | 4 |
| 5<br>Ondersteunersklub verg. @19:00 | 6<br>Atletiek (W): Somer-Wes Primêr | 7 WÊRELDHARDOPLEESDAG<br>GRAAD R-OPEDAG<br>o.11 A-C Krieket (W)<br>Tenniswedstryde<br>Engels Huistaal Inligtingsaand @19:00 | 8<br>PRESTIGE ATLETIEK (T) | 9<br>O.13A Krieket 6-a-side (W): Hugo Rust<br>Studiekursus: Graad 4 | 10<br>Studiekursus: Graad 4 | 11 |
| 12<br>PROEWE: RUGBY<br>OOV verg. @18:00 | 13<br>PROEWE: HOKKIE (S)<br>Atletiek: MEED @ Parow | 14 NETHEIDSKONTROLE<br>PROEWE: HOKKIE (D)<br>o.11 A-B Krieketwedstryd<br>Tenniswedstryde<br>VALENTYNSDAG | 15<br>PROEWE: NETBAL<br>Krieketwedstryde | 16<br>o.10 A Krieket (W): Curro Durbanville | 17<br>O13A&B Rugbyoefening (W): Stellebosch | 18 |
| 19 | 20<br>GEEN OEFENING AGV. PERSONEELVERGADERING<br>Atletiek (W): Aristea o.7-o.9 | 21 NETHEIDSKONTROLE<br>KLAS + INDVIDUELE FOTO'S (GR. 2-7) | 22<br>Atletiek Distrik Kampioenskappe: MEED Distrik – Parow<br>o.11-Krieketwedstryde<br>Tenniswedstryde<br>KOSMOS@19:00 | 23<br>GR. R-KOEKVERKOPING<br>o.9 Mini-Krieket (W): Bellpark | 24<br>o.8-o.9 A&B KFC Mini-Krieket (W):Panorama | 25 |
| 26<br>TOETSREEKS: GRAAD 7 | 27<br>TOETSREEKS: GRAAD 7<br>o.7-o.9 Atletiek (W): Panorama | 28<br>TOETSREEKS: GRAAD 7<br>Atletiek WP Kampioenskappe: Dal Josafat, Paarl | 29<br>TOETSREEKS: GRAAD 4-7 | | | |

*Datums is onderhewig aan veranderinge/kansellasies.

BLOU: Datums bygekom ROOI: Datums het verander

**Alle Gr R tot Gr 7 Mikro-Ouers word na die eerste KOSMOS-byeenkoms eerskomende Donderdag om 19:00 uitgenooi.**













KERMIS SPELETJIES
2 Maart
08:00 tot 13:00
Vissievang & Pinata
Facepaint & Cupcakes
Sweeties & Springkasteel
Skyfskiet & Tie Dye
en nog vele meer
Kosse, Kleure en Geure van SA
Suidkerk
NG Kerk Kuilsrivier-Suid
021 903 3095
bestuur@suidkerk.org.za
PARKERING
21 Denne str, Kuilsrivier
Parkering agter kerk
KAARTJIES TE KOOP
www.suidkerk.org.za
Kliek op Aanlynwinkel
of te koop by Cup of Life


KERMIS SONDAG
MIKRO
WERK EN SKEP
3 Maart
Erediens begin 09:00
FEESDIENS
met SPESIALE OPTREDE
Mikro junior & senior kore
Kosse, Kleure en Geure van SA
Suidkerk
NG Kerk Kuilsrivier-Suid
021 903 3095
bestuur@suidkerk.org.za
PARKERING
21 Denne str, Kuilsrivier
Parkering agter kerk
KAARTJIES TE KOOP
www.suidkerk.org.za
Kliek op Aanlynwinkel
of te koop by Cup of Life


KERMIS SATERDAG
2 Maart
08:00 tot 13:00
Ontbyt vanaf 07:00
Pannekoek & Poeding
Roosterkoek & Potjiekos
Handwerk & Wit olifante
Kinderspeletjies
en vele meer
Kosse, Kleure en Geure van SA
Suidkerk
NG Kerk Kuilsrivier-Suid
021 903 3095
bestuur@suidkerk.org.za
PARKERING
21 Denne str, Kuilsrivier
Parkering agter kerk
KAARTJIES TE KOOP
www.suidkerk.org.za
Kliek op Aanlynwinkel
of te koop by Cup of Life


KERMIS VRYDAG
1 Maart
vanaf 17:00
Heerlike kuiertyd
Verskeie kosse
Kindertoesig
Kosse, Kleure en Geure van SA
Suidkerk
NG Kerk Kuilsrivier-Suid
021 903 3095
bestuur@suidkerk.org.za
PARKERING
21 Denne str, Kuilsrivier
Parkering agter kerk
KAARTJIES TE KOOP
www.suidkerk.org.za
Kliek op Aanlynwinkel
of te koop by Cup of Life


KERMIS TIE DYE
2 Maart
08:00 tot 13:00
KOM TIE DYE SELF
Bring jou eie Tshirt R20
Scrunchies R20
Sokkies R30
Selfoon sakkie R40
Tshirt R80
Kosse, Kleure en Geure van SA
Suidkerk
NG Kerk Kuilsrivier-Suid
021 903 3095
bestuur@suidkerk.org.za
PARKERING
21 Denne str, Kuilsrivier
Parkering agter kerk
KAARTJIES TE KOOP
www.suidkerk.org.za
Kliek op Aanlynwinkel
of te koop by Cup of Life


SUPERSPAR
KUILSRIVER
SUPPORT YOUR SCHOOL!
POP YOUR TILL SLIPS IN THE BOX
MARKED WITH THE NAME OF YOUR SCHOOL
1ST R12000
2ND R8000
3RD R5000
Feb - July


SUPPORT YOUR SCHOOL WITH US!
SUPERSPAR
KUILSRIVER
We love giving back to our customers. So we pledge to donate-in cash-
R25 000 to the schools in our community!
Here's how you can help us support your school:
•Pop your till slips in the box marked with the name of your school.
•At the end of the promotion we'll add up the amount spent by customers. The top 3 schools will qualify for the following cash prizes!
•Competition will be running from February to July
•The leaderboard will be updated weekly.
First prize: R12 000
Second prize: R8 000
Third prize: R5 000